100% slaagsyfer vir Hoërskool Heilbron

Hoërskool Heilbron matrieks 2017 sorg vir 'n 100% slaag vir die 21ste jaar! Daar was 36 matrieks in 2017 en die skool behaal 52 onderskeidings. 27 leerders (77,78%), slaag die NSS-eksamen met vereistes vir Baccalaureus Graadstudie en 8 leerders (22,23%) slaag met vereistes vir 'n Diplomastudie.

Die volgende leerders slaag matriek: Nico Brayshaw, Bernadine Coetzer, Jaco Coetzer, Sean Fox, Versha Minnies, Thato Mosolotsane, Chantelize Muller, Leanie Piek, Chanreylene Prince, Johan Strydom, Elana Swart, Herman Van der Mescht, Wynand Van der Walt en Louis Van der Westhuizen. **Die volgende leerders het ook 'n onderskeiding in Lewensoriëntering gekry:** Twané Barnard, Juanré Bezuidenhout, Joey Booysen, Karin De Beer, Nabeela Lottering, Eliz-Mari Opperman, Stefan Opperman, Ben Slabbert, Chanelle Strydom en Lise Van Vuuren. Afonso Miguel De Jesus het 'n onderskeiding in Wiskundige Geletterdheid behaal.

Die volgende leerders het twee of meer onderskeidings behaal. Onderskeidings volg in hakkies:

- **Christiaan Beukes** (Wiskunde, Lewensoriëntering, Ingenieursgrafika en -ontwerp en Fisiese Wetenskappe)
- **Gerhard Claassen** (Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe)
- **Be-On Du Plessis** (Engels, Wiskunde, Lewensoriëntering, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe)
- **Arno Els** (Wiskunde, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ingenieursgrafika en -ontwerp)
- **Luhan Erasmus** (Lewensoriëntering, Ingenieursgrafika en -ontwerp en Siviele Tegnologie)
- **Silma Erasmus** (Lewensoriëntering en Ingenieursgrafika en -ontwerp)
- **Hannetjie Flemming** (Engels, Lewensoriëntering en Rekeningkunde)
- **Lutricia Herbst** (Engels, Wiskunde, Lewensoriëntering, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe)
- **Loandré Pretorius** (Afrikaans, Lewensoriëntering en Lewenswetenskappe),
- **Carli Schutte** (Afrikaans, Engels, Lewensoriëntering en Fisiese Wetenskappe)
- **Elzette Strydom** (Engels en Lewensoriëntering).

Op die foto agter vl: Eliz-Mari Opperman, Nabeela Lottering, Chanelle Strydom, Lise van Vuuren, Elzette Strydom, Loandré Pretorius, Arno Els, Ben Slabbert, Johan Strydom, Louis van der Westhuizen en Nico Brayshaw.
Voor vl: Hannetjie Flemming, Gerhard Claassen, Christiaan Beukes, Wynand van der Walt en Stefan Opperman

Die klasgemiddeld was 64,65%. Die volgende hoeveelheid vak-onderskeidings is behaal: Besigheidstudies (1), Siviele Tegnologie (1), Wiskundige Geletterdheid (1), Afrikaans (2), Rekeningkunde (2), Lewenswetenskappe (4), Wiskunde (4), Engels (5), Fisiese Wetenskappe (5), Ingenieursgrafika en -ontwerp (6) en Lewensoriëntering (21).

Algehele matriek-slaagsyfer vir 2017

Die algehele matriekslaagsyfer vir 2017 is 75,1% waarvan progressie-leerlinge ingesluit is wat outomaties deurgesit is. Indien die progressie-leerlinge uitgesluit word, is die slaagsyfer 76,5%. Hierdie slaagsyfer het verbeter met 2,6% op 2016. Die Vrystaat het weggestap met eerste plek in Suid-Afrika met 86,1%. Gauteng het tweede plek gehaal met 85,1% en die Wes-Kaap 82,7%. Die hoogs presterende distrik in die land is die Fezile Dabi-distrik in die Vrystaat met 'n slaagsyfer van 90,2%. Kort op sy hakke is Thabo Mofutsanyana distrik ook in die Vrystaat wat 90% behaal het.

Altesaam 535 484 voltydse kandidate het die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen reg oor Suid-Afrika geskryf. Daar is altesaam 161 081 onderskeidings behaal. 5 040 onderskeidings is in rekeningkunde behaal, 6 726 in wiskunde en 7861 in fisiese wetenskappe.

BACK TO SCHOOL

Aandag alle ouers.

Bestel nou jou kinders se beste kwaliteit skryfbehoeftes vir 2018. Ons het afbetalings-opsies ook beskikbaar.

Bring nou jou bestelling, betaal en ontvang jou skoolboks later.

Besoek gerus Heilbron Herald Office National vir vinnige, vriendelike diens.

Herald
Office National

Wenner van inkleurkompetisie

Hendrik de Jager is die wenner van ons inkleurprentjie vir Graad 3 tot Graad 5. Baie Geluk!